16 JUL 1962
UNIVERSITY LIBRARY

**I.M.S.**
**Vol. 1 No. 32**

**MUNISIPALITEIT** **MUNICIPALITY**

**STELLENBOSCH**

Burgemeesterskantoor,
Stadhuis,
Stellenbosch.
1 Junie 1962

## TEGNIESE KOLLEGE

Soos alle opvoedkundige inrigtings het ook die Tegniese Kollege — en daarmee die Raad — voor die probleem van toekomstige uitbreidings te staan gekom. Die vraag is geopper of die teenswoordige gronde aan weerskante van Dorpstraat nie te beknop geword het nie om 'n inrigting te dra wat nou daarna mik om sy getalsterkte na 600 op te stoot. Die Raad het dit wenslik geag om te oorweeg of daar nie ander geskikte terreine is waar daar minder verkeersprobleme mag ontstaan en waar daar geen afbreuk gedoen sou word aan die karakter en die gerief van die oud-gevestigde deel van die dorp nie.

Dr. Op 't Hof, die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap, was so vriendelik om 'n besoek aan Stellenbosch af te lê om die saak ter plaatse uit te pluis. Dit het egter duidelik geword dat daar geen vooruitsigte bestaan om die hele inrigting te verskuiwe nie al sou daar ook aantreklike terreine wees. Dr. Op 't Hof het geskat dat dit 'n vertraging van ten minste vyf jaar sou meebring voordat nuwe voorbereidings voltooi is en nog 'n verdere twee jaar voordat die geboue voltooi is. Die sienswyse van die Raad is uiteengesit en dr. Op 't Hof het verseker dat die inrigting op Stellenbosch, wat getalle betref, die bogenoemde beperking nie sou oorskry nie en dat sy Departement ten volle met die Raad sou saamwerk in die belang van die behoud van oud-Stellenbosch en die bes moontlike verkeersreëlings.

## PAD- EN BRUGSKEMA, DU TOITSTASIE

Die Raad het die tyding ontvang dat hierdie skema soos deur hom voorgelê in sy hooftrekke deur die Provinsiale

Administrasie goedgekeur word. Daar word tans oor besonderhede en kosteverdeling verder onderhandel. Onder andere behels die skema die finale beplanning en voltooiing van Adam Tasweg en sy aansluitings met Klapmutsweg en Birdstraat.

## NUWE SLAGPALE

Nadat die Raad onder die indruk verkeer het dat alle probleme opgelos is en daar met die voorbereidings vir die oprigting van die nuwe slagpale op die hange ten weste van Platklip aangegaan kan word, is daar weer 'n voorstel vir wysigings van die Vleisbeheerraad ontvang. Die Raad was met die verdere onsekerheid glad nie gediend nie en het besluit dat aan die Vleisbeheerraad meegedeel word dat hy voornemens is om met die planne wat hy aanvaar het, aan te gaan.

## KLEURLINGBEHUISING

Nadat 'n onderhoud plaasgevind het tussen Minister P. W. Botha, raadslid dr. E. Theron en myself, het dit duidelik geword dat die Minister nie ten gunste daarvan was dat die Stedelike Behuisingsbond die bou van 'n Kleurlingbehuisingskema in Stellenbosch onderneem nie.

Die Raad het besluit om self aan te gaan met die beplanning van 'n skema in Idasvallei. Die grond is geleë ten ooste van die sportterrein vir die Kleurlinggemeenskap op die sogenaamde vrugteboord wat vroeër deel uitgemaak het van die plaas Idasvallei. Daar is gevind dat al die geriewe daargestel kan word al word nog 'n stuk grond grensende aan die primêre skool vir sekondêre onderwysdoeleindes vir Kleurlinge afgestaan soos deur die Provinsiale Administrasie besluit.

## EIKEBOME LANGS DIE RIVIER

Die Raad is die Afdelingsraad besonder dankbaar daarvoor dat hy hom geraadpleeg het in verband met die straatverbeterings op die suidwal van die Eersterivier wat die behoud of afkap van eikebome raak. Dit is vanselfsprekend dat die Stadsraad ten gunste daarvan was dat soveel moontlik van die eikebome behoue moet bly, dat hulle met net soveel eerbied behandel word as aan die dorp se kant van die rivier.

## BANTOE-KULTUUR EN -DRAMAVERENIGING

Dit sal lesers van die Eikestadnuus interesseer dat die Raad sy goedkeuring daaraan geheg het dat so 'n vereniging in Kaya Mandi gestig word. Die doelwit van die Vereniging is

om die kulturele peil van die gemeenskap te bevorder, om verborge talent in die kalklig te bring en om jeugmisdaad aan bande te lê.

S. W. J. LIEBENBERG,
Burgemeester.

---

Mayor's Parlour,
15th June, 1962.

What has impressed me these last weeks is the realisation that Stellenbosch is again experiencing growing pains. Our educational institutions, namely the University, Technical College and the Schools are developing. They need additional sites for building as well as recreational purposes.

Then there is the question that is always with us as to whether enough is being done to establish a sound balance between rateable and unrateable properties by encouraging enterprise in business and industries.

The greatest problem which runs parallel with what I have mentioned is that of housing for Europeans as well as for the coloured people. The housing position in the last mentioned group is, as everybody knows, nothing short of desperate. It is no secret that Stellenbosch has encountered very heavy obstacles in the way of coming to finality as regards its group areas. Under these circumstances, to come to the point where commencement can be made with actual building is no easy matter.

One problem raises the other. In the case of an area which seems to be available there may be difficulties in regard to providing water because part of the land may be at levels too high to be serviced by the existing water supply scheme. Then there may be servitudes or Electricity Supply Commission overhead lines.

Investigations have to be carried out as to the type of building that those most needing housing can actually afford. It has to be made clear whether money for economic schemes only is available or whether some sub-economic funds can be obtained. Then the question arises as to who is to build, for instance, the Citizens' Housing League or the Municipality itself.

There are so many projects which all have to proceed at the same time that to fit them all in with the staff that is

available is really a jigsaw puzzle. Illness and absence on leave all have to be contended with.

Impatience to see results is well understood and is shared by the Council which hopes that it will soon be able to emerge from a sea of troubles. We labour under a great many restrictions as we have to obtain the authority of superiors in so many cases and under circumstances which those who have the great privilege of having the power of immediate decision would find it very difficult to appreciate.

S. W. J. LIEBENBERG.

---

PRO EC.